

# **JUNIE-EKSAMEN**

**GRAAD 10**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**VRAESTEL 1**

**JUNIE 2015**

**MEMORANDUM**

PUNTE: 80  
TYD: 2 UUR

Hierdie MEMORANDUM bestaan uit 8 bladsye.

## ***Afdeling A – Kyk- en Leesbegrip***

### ***Assesseringsriglyne:***

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word geenaliseer SLEGS as die betekenis van die spelfout die woord verander.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie geenaliseer nie – die fokus is op begrip.
- Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE/WAAR/ONWAAR- of FEIT/LUG JOU MENING-vrae. Die rede / motivering word oorweeg. Indien die kandidaat nie JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE/WAAR/ONWAAR skryf nie, maar die motivering is korrek, word GEEN punt toegeken nie.
- As die WAAR / ONWAAR verkeerd is, maar die motivering is reg, word GEEN punt toegeken nie.
- Vals (Fals) kan aanvaar word. (*False* is egter verkeerd, want dit is Engels.)
- As 'n antwoord 'n aanhaling is, word die kandidaat nie geenaliseer indien die aanhalingstekens ontbreek nie. Die aanhaling moet volledig volgens die teks wees, maar die kandidaat word nie geenaliseer vir spelfoute nie.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek mits die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite / punte vereis word en die kandidaat 'n hele reeks gee, word slegs die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie geenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar by meervoudigekeuse-vrae die letter ASOOK die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is.

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL  
GRAAD 10 JUNIE-EKSAMEN  
VRAESTEL 1 MEMORANDUM

**AFDELING A – KYK- en LEESBEGRIP**

**VRAAG 1 – Leesstuk en Advertensie**

**AANTAL WOORDE – 528: Leesouderdom van die leesstuk: 8.8**

<b>Begripstoets</b>				
Vraag	ANTWOORDE	Punt	Kat.	Vlak
1.1.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Vyf</li> <li>• 5</li> </ul> (Enige een)	1	A	1
1.2.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• D</li> <li>• D – langer as 10 000 jaar terug.</li> <li>• langer as 10 000 jaar terug.</li> </ul> (Enige een)	1	A	1
1.3.	Onwaar – niks het oorleef nie. <b>LET WEL – GEEN punte word toegeken vir die WAAR of ONWAAR nie. Slegs die rede/motivering verdien die punt.</b>	1	A	1
1.4.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kanada, Amerika en Noord-Europa is ver noord terwyl Suid-Afrika ver suid is.</li> <li>• Die lande is naby die Noordpool terwyl Suid-Afrika nie is nie.</li> </ul> (Of iets soortgelyks) Die leerder <b>MOET</b> die vergelyking tref. Die leerder kry dus of 2 punte of 0.	2	C	5
1.5.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 30</li> <li>• dertig</li> </ul> (Enige een)	1	A	1
1.6.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Daar was baie meer gletsers op aarde.</li> <li>• Die gletsers was so groot soos kontinente.</li> <li>• Die gletsers het groot dele van die aarde bedek.</li> <li>• Die gletsers het die landmassas verander deur erosie.</li> </ul> (Enige TWEE)	2	B	2
1.7.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Aangesien so baie water in gletsers vasgevang was.</li> <li>• Baie van die water was in die gletsers vasgevang.</li> </ul> (Of iets soortgelyks)	1	B	3
1.8.	Daar was baie minder reën	1	B	3
1.9.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• A</li> <li>• A – 21° Celsius</li> <li>• 21° Celsius</li> </ul> (Enige een)	1	A	2
1.10.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hoe kouer die pole was, hoe warmer was die ewenaar.</li> <li>• Daar was 'n baie groter temperatuurverskil tussen die pole en die ewenaar.</li> </ul> (Of iets soortgelyks)	2	C	5
1.11.1.	weerkaats	1	A	1
1.11.2.	absorbeer	1	A	1
1.11.3.	kouer	1	A	1
1.12.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 50</li> <li>• vyftig</li> </ul> (Enige een)	1	B	3
1.13.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die koue lug wat van die ys af gekom het, het die atmosferiese sirkulasie verander.</li> <li>• Die baie koue digte lug wat van die ys af gekom het, het met die warm lug gebots en</li> </ul>	2	C	6

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**  
**GRAAD 10 JUNIE-EKSAMEN**  
**VRAESTEL 1 MEMORANDUM**

	sodoende hewige lugstrome veroorsaak. <ul style="list-style-type: none"> <li>• Daar was baie min of geen bome en plante om weerstand teen die lugstrome (wind) te bied nie.</li> </ul> (Of iets soortgelyks)			
1.14.	Die wind het baie stof by die vergrote woestyne en gletsers opgetel	1	B	4
1.15.	Hulle kon die bibberende temperature oorleef.	1	B	4
1.16.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die (harige) mammoet.</li> <li>• Die Sabeltandtier.</li> <li>• Die reuswolf.</li> </ul> (Enige een)	1	A	1
1.17.1.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• E</li> <li>• E – Jagterversamelaarsgroepe</li> <li>• Jagterversamelaarsgroepe</li> </ul> (Enige een)	1	B	3
1.17.2.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• A</li> <li>• A – Skuilings van mammoetbene.</li> <li>• Skuilings van mammoetbene.</li> </ul> (Enige een)	1	B	4
1.17.3.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• D</li> <li>• D – Dierepelsklere.</li> <li>• Dierepelsklere.</li> </ul> (Enige een)	1	A	2
1.17.4.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• B</li> <li>• B – In 'n lokval gelei en dan oorrompel</li> <li>• In 'n lokval gelei en dan oorrompel</li> </ul> (Enige een)	1	B	4
<b>Advertensie</b>				
1.18.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Om te bevestig dat die kaartjies beskikbaar is by die sentrum.</li> <li>• Om seker te maak die kaartjies is beskikbaar by die sentrum.</li> </ul> (Of iets soortgelyks)	1	B	4
1.19.	Die Ystydperk. Hoe diere / wonings / die aarde gelyk het gedurende die Ystydperk. (Of iets soortgelyks)	1	A	2
1.20.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• R435 (vir die gesin van vier, Pa, MA, Pieter en Andre) +</li> <li>• R0 (vir Marie wat jonger as 18 maande is)+</li> <li>• R145 (vir die ouma)</li> </ul> DUS R580 vir almal wat gaan.	1	B	4
1.21.	Sewe-uur (19:00 as 'n woord) <b>NIE sewe uur NIE want dit dui verloop van tyd aan.</b>	1	A	2
Kategorie	A	B	C	
Aantal Punte	12	12	6	
Totaal Punte	30	30	30	
%	40%	40%	20%	
<b>TOTAAL AFDELING A - 30</b>				

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL  
GRAAD 10 JUNIE-EKSAMEN  
VRAESTEL 1 **MEMORANDUM**

**AFDELING B – OPSOMMING**

**VRAAG 2**

**ASSESSERINGSRIGLYNE  
ALGEMEEN**

Lees die hele opsomming om 'n geheelindruk van die opsomming te kry.

- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien beplanning wel gedoen is, moet dit duidelik aangedui wees.
- Indien nie aangedui nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Indien die opsomming te kort is, maar dit bevat al die vereiste inligting, word die kandidaat **nie gepeenaliseer nie**.
- Kandidate mag nie afkortings in hul opsommings gebruik nie, maar indien dit in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel.
- Die aantal woorde moet deur die onderwyser getel word.
- Leerders verloor nie 'n punt as hulle nie die aantal woorde aandui nie of as die aantal woorde wat aangedui is, verkeers is.
- As die woordlimiet oorskry word, word net gemerk tot die sin waarin die aantal bereik is. **Die res van die opsomming word geïgnoreer.**

**PUNTETOEKENNING**

- 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
- 3 punte vir Taal
- Totaal: 10 punte

**DUI DIE PUNTE SO AAN:**

**Feite (7) + Taal (3) = (10)**

**FEITE (7)**

- Slegs feite wat in **volsinne** aangebied word, verdien punte. (’n Volsin het ’n werkwoord.)

**TAAL (– 0/1/2/3)**

- **ELKE taalfout** (grammatika, spelling en puntuasie) in **ELKE feit word aangedui (ook in verkeerde feite), daarna getel en soos volg bereken:**

Verspreiding van punte vir TAAL waar die leerders NIE DIREK aangehaal het NIE:

1 – 3 korrekte feite	1 punt
4 – 5 korrekte feite	2 punte
6 – 7 korrekte feite	3 punte

Verspreiding van punte vir TAAL waar die leerders DIREK aangehaal het:

6 – 7 korrekte aanhalings	0 punte vir Taal
1 – 5 korrekte aanhalings	1 punt vir Taal

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL  
GRAAD 10 JUNIE-EKSAMEN  
VRAESTEL 1 **MEMORANDUM**

**TIPIESE TAALFOUTE**

Woordorde in enkelvoudige sin (bv. O/werp + ww. + v/werp)	Tyd, wyse, plek- Direkte vertaling (moedertaalinvloed)	Woordorde in saamgestelde sinne (Voegwoord 1, 2 en 3)
Dubbelnegatief	Voornaamwoorde	Omgekeerde woordorde
Lydende vorm	Infinitief	

**FORMAAT**

Kandidate moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied:

- puntsgewys onder mekaar.
- Indien dit in paragraafvorm aangebied is word die eerste sin gemerk en die res geïgnoreer.

**GETAL WOORDE**

- Daar word van die kandidate vereis om die korrekte getal woorde aandui MAAR indien die kandidaat nalaat om die getal woorde aan te dui of die verkeerde getal woorde is aangedui, word hulle NIE penaliseer **met een punt** NIE.

**VRAAG 2 – OPSOMMING**

**Karaktereienskappe wat jy moet hê om 'n goeie vriend te wees [199 woorde]**

Opsomming	
Uit die Vraestel	Moontlike opsomming
<ol style="list-style-type: none"> <li>1. Voor die koms van verkoeling in die vroeë 1900's, was ys die enigste manier om dinge koel te hou. Terwyl daar yskaste in gebruik was in die middel tot laat 1800's, was dit meestal vir kommersiële gebruik.</li> <li>2. Frederick Tudor, die vader van England se yshandel, het gedurende die 19de eeu ys na alle dele van die hele wêreld verskeep en hy was slim deur dan ook somer vrugte en ander bederfbare produkte saam met die waardevolle ys te stuur.</li> <li>3. As water vries behou dit dieselfde massa terwyl dit meer ruimte inneem - ongeveer 9% meer. Dit beteken dat die ys eintlik nogal 'n bietjie minder dig as water is - die molekules is verder apart gespaseer as water.</li> <li>4. Terwyl die meeste mense weet dat daar meer as een tipe ys is, is daar eintlik sestien verskillende tipes wat aan die wetenskap bekend is.</li> <li>5. Glo dit of nie, daar is so 'n aanvraag vir klaagemakte ys dat 'n studie wat in 2012 gedoen is bewys het dat daar meer as meer as 400 ysproduksiemaatskappye is wat so om en by R6 000,000,000 jaarliks maak.</li> <li>6. Die volume van al die vars water in damme en mere in die wêreld is niks in vergelyking met die volume ys wat by die pole vasgeevries is nie en as al die gletsers in die wêreld skielik smelt sal ons almal 'n paar honderd meter onderwater wees.</li> <li>7. Wetenskaplikes glo dat die meeste van die water op die aarde van ysdraenede komete en asteroïdes kom, wat miljoene jare terug teen die aarde verpletter was.</li> </ol>	<ol style="list-style-type: none"> <li>1. Ys was vroeër jare gebruik om dinge koel te hou.</li> <li>2. Frederick Tudor het ys na alle dele van die wêreld verskeep.</li> <li>3. Ys is minder dig as water.</li> <li>4. Daar is sestien tipes ys</li> <li>5. Daar is meer as meer as 400 ysproduksiemaatskappye.</li> <li>6. Die volume van al die water is minder as die volume ys by die pole.</li> <li>7. Water kom glo van ysdraende komete en asteroïdes.</li> </ol> <p style="text-align: right;">Aantal woorde [70]</p>
<b>TOTAAL AFDELING B - 10</b>	

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL  
GRAAD 10 JUNIE-EKSAMEN  
VRAESTEL 1 MEMORANDUM

**AFDELING C: TAAL**

**WOORDGEBRUIK, WOORD- EN SINSTRUKTURE**

Vraag	TAAL	Punt
3.1.	minute	1
3.2.	Jy kon die somerhitte troef met hierdie verfrissende suigysies.	1
3.3.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• vyf en veertig</li> <li>• vyf-en-veertig</li> </ul> (Enige een)	1
3.4.	strooitjies	1
3.5.	stadiger	1
3.6.	yskoue	1
3.7.	pynappels	1
3.8.	Die vanielje word by by die jogurt gevoeg	2
3.9.	gewone	1
3.10.	Vorbereidingstegniek.	1
3.11.	va / niel / je / jo / gurt	1
3.12.	vormpies	1
3.13.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dit is onderstreep.</li> <li>• Dit is met hoofletters geskryf.</li> <li>• Dit is vergedruk.</li> </ul> (Enige een)	1
3.14.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Spasies word tussenin gelos.</li> <li>• Dit is van opskrifte voorsien.</li> <li>• Die voorbereiding is bepunt / Dit het nommers.</li> </ul> (Enige een)	2
3.15	<ul style="list-style-type: none"> <li>• C</li> <li>• C – Jy kan sien hoe die eindproduk behoort te lyk.</li> <li>• jy kan sien hoe die eindproduk behoort te lyk.</li> </ul> (Enige een)	1
Vraag	TAAL	Punt
4.1	Ek moet visvang alhoewel die ysbeer hier iewers is.	1
4.2	Die mannetjiespikkewyn sê dat hy moet visvang. Die mannetjiespikkewyn sê dat hy vis moet vang. Die mannetjiespikkewyn sê hy moet visvang. (Enige een)	2
4.3	Die wyfiepikkyewyn vra wat hom so laat dink.	2
4.4	Hy sal 'n gevoel hê.	1
4.5	Die ysbeer is nooit daar nie.	1
4.6	<ul style="list-style-type: none"> <li>• C</li> <li>• C – ysbere eet pikkewyne.</li> <li>• ysbere eet pikkewyne.</li> </ul> (Enige een)	1

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL  
GRAAD 10 JUNIE-EKSAMEN  
VRAESTEL 1 MEMORANDUM

Vraag	TAAL	Punt
5.1.1.	Die eiland het twintig miljoen jaar gelede uit die Atlantiese Oseaan begin verrys.	1
5.1.2.	...wat ontstaan het tydens 'n vulkaanuitbarsting in 1963.	1
5.1.3.1.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• B</li> <li>• B – eilandjie</li> <li>• eilandjie</li> </ul> (Enige een)	1
5.1.3.2.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• C</li> <li>• C – landmassa</li> <li>• landmassa</li> </ul> (Enige een)	1
5.1.3.3.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• A</li> <li>• A – magmabronne</li> <li>• magmabronne</li> </ul> (Enige een)	1
5.1.4.	...wat ontstaan het...	1
5.1.5.	...net effens...	1
5.1.6.1.	die vulkane onder Ysland wat die eiland gevorm het	1
5.1.6.2.	die simbolisme agter die twee teenoorgestelde elemente	1
Vraag	TAAL	Punt
5.2.1.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Vraag</li> <li>• Vraagsin</li> </ul> (Enige een)	1
5.2.2.	Stelsin	1
5.2.3.	Uitroepsin	1
5.2.4.1.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• B</li> <li>• B – Die skrywer wil hê die leser moet ontsteld wees oor die ys wat smelt.</li> <li>• Die skrywer wil hê die leser moet ontsteld wees oor die ys wat smelt.</li> </ul> (Enige een)	1
5.2.4.2.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• C</li> <li>• C – Die ys by die pole is besig om te smelt as gevolg van aardverwarming.</li> <li>• Die ys by die pole is besig om te smelt as gevolg van aardverwarming.</li> </ul> (Enige een)	1
5.2.4.3.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• D</li> <li>• D – Die skrywer wil hê die leser moet skuldig voel oor aardverwarming en iets daaromtrent doen.</li> <li>• Die skrywer wil hê die leser moet skuldig voel oor aardverwarming en iets daaromtrent doen.</li> </ul> (Enige een)	1

**TOTAAL AFDELING C - 40**

**VRAESTEL TOTAAL - 80**